# OK MiniMark Heilbron vier eerste bestaansjaar en bekroon gelukkige wenner

Op 6 Desember 2024 het OK MiniMark Heilbron hul eerste bestaansjaar met groot trots en dankbaarheid gevier. Die winkel, wat deur die toegewydheid van die Du Toit-familie bestuur word, het hierdie mylpaal benut om hul kliënte en die gemeenskap te bedank vir hul onmisbare ondersteuning.

"Ons waardeer elke kliënt wat ons ondersteun het en elke persoon wat gehelp het om hierdie winkel 'n sukses te maak," het Jan du Toit, eienaar van OK MiniMark Heilbron, gesê.

Die vieringe is verder beklemtoon deur 'n buitengewone oomblik toe een van hul lojale kliënte, Ishmael Mohlamme, as wenner van OK se nasionale Wen 'n bakkie veldtog aangekondig is. Hy het 'n splinternuwe Nissan Navara-dubbelkajuit gewen. Die kompetisie, wat vereis het dat kliënte deelnemende produkte koop en hul Count On!-kaart gebruik, het aan Mohlamme 'n onvergeetlike beloning besorg.

"Ons is opreg bly vir Ishmael. Hy is 'n beskeie en nederige persoon, en dit is vir ons 'n eer om hierdie prys aan hom oor te dra," het Jan du Toit bygevoeg.

OK MiniMark Heilbron het binne 'n kort tydperk 'n integrale deel van die gemeenskap geword. Hul toewyding tot kwaliteit diens en kliëntetevredenheid het hulle die hart van hul kliënte gewen. Met 'n suksesvolle jaar agter die rug, sien die Du Toit-familie daarna uit om voort te gaan om topgehalte produkte en diens aan die gemeenskap te bied.

Hulle bedank almal vir die ondersteuning en nooi kliënte uit om steeds deel te wees van hul reis vorentoe.













*Op die foto vl: Anzelle Lesch, Francois du Toit, André du Toit, Jan du Toit, Ishmael Mohlamme, Wilna Pienaar, Rianda van Wyk, Gerhard van Wyk, Johnny van Ryneveld (Area Bestuurder) en Abrie Smit (OK Sentrale hoofkantoor Bloemfontein).*

# Kersfees-tafel betower met flair

## *Judike Broodryk van Jukovs's Decor se inspirasie*

Wanneer dit by Kersfees kom, is die tafel die hart van elke feesviering. Judike Broodryk van Jukovs's Decor glo dat jou tafel nie net prakties moet wees nie, maar ook jou persoonlikheid en kreatiwiteit moet weerspieël. Hierdie week wys sy hoe jy met pienk en blou jou tafel in iets fantasties kan omskep – alles met items wat jy waarskynlik al in jou huis het!

Vir diegene wat Kersfees met vrolikheid en 'n bietjie waagmoed wil vier, is pienk die perfekte keuse. "Pienk bring energie en 'n moderne gevoel na die tafel," sê Judike. Begin met 'n pienk tafelloper vir 'n basis en werk van daar af.

Gebruik wit borde om die helderheid te balanseer, terwyl goue aksente, soos servetringe, kerse of Kersfeesballetjies, 'n bietjie luuksheid byvoeg. Voeg kersfeesballetjies in 'n vaas in die middel van die tafel as dekoratiewe elemente. "En onthou," sê Judike, "'n kandelaar of twee bring altyd warmte en geselligheid."

As pienk te gedurf voel, is blou en silwer die oplossing vir 'n meer tradisionele, maar steeds stylvolle Kersfees. Judike verduidelik dat blou en silwer altyd werk as jy 'n gevoel van kalmte en verfyning wil skep. Begin met sagte blou servette of 'n blou tafeldoek.

Kristalglase, silwer kershouers en delikate silwer ornamente bring die tafel na die volgende vlak. "Die geheim van hierdie styl lê in detail," sê Judike. "Kristal gee 'n tikkie glans en weerkaats lig op 'n manier wat jou tafel laat glinster."

Judike se kreatiewe geheime

1. Gebruik wat jy het: "Kyk in jou huis rond. Jy sal verbaas wees oor hoeveel jy reeds het wat 'n nuwe doel kan dien."

2. Werk met lae: Verskillende teksture soos linne, glas en metaal gee dimensie aan die tafel.

3. Hou die gaste in gedagte: Die tafel moet nie net mooi lyk nie, maar ook prakties wees – los spasie vir die kos!

Met Judike se wenke kan jy hierdie jaar jou Kersfees-tafel omskep in iets besonders – of jy nou lief is vir dapper pienk of verfynde blou. Kersfees gaan immers oor meer as net hoe die tafel lyk; dit gaan oor die herinneringe wat rondom dit geskep word.





